CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB

SEPTEMBER 2005

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Voorsitter/Tesourier	Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Ondervoorsitter/Sekretaris	Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Skakelbeampte	Henry Chamberlain	ZS1AAZ	021-8871509
Bulletinrooster	René van Zyl	ZS1VR	021-9762057
CQ Boland	Johan le Roux	ZS1RX	0738533100
Web Meester	Deon Heydenrych	ZS1G	0826539884
Regsake	Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564
Geleentheidskoordineerder	Simon Snyman	ZR1SIM	082 8013897

KLUBBULLETINS

Tyd:	Sondae om 7:45 en 20:30.
Frekwensies:	3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM

WEBWERF

Besoek die klub se Webwerf by http://www.qsl.net/zs1bak/index.htm

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na die klubvergadering op Saterdag 17 September 2005 om 11:00 op die **plaas van Olivier, ZS1OLI.** Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleisvure aangesteek word. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is ‘n beskrywing om op die plaas uit te kom.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, pakketradio of op disket gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

Pakket:	ZS1RX@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF
E-pos:	ZS1RX@MAILBOX.CO.ZA
Posadres:	CQ Boland Posbus 2105 Dennesig 7601

DIE VOORSITTER SÊ:

(En die Tesourier ook)

Eerstens baie geluk aan al die nuwe ZS-roepseine op die lug. 'n Groot aantal van BARK se lede het na ZS opgradeer en spog nou met 'n ZS roepsein. Gaan asseblief u adresplakker na en indien u roepsein nog nie verander het nie, moet u my asseblief inkennis stel sodat ek BARK se databasis kan opdateer.

Ek het so pas BARK se finansiele state vir die 2004/2005 boekjaar voltooi en ek kan eerlik sê dat BARK weer 'n baie gesonde jaar beleef het. Die volledige state sal natuurlik, soos ons grondwet bepaal, by die komende ledevergadering voorgelê word vir goedkeuring.

Wat die huidige boekjaar betref, het ledegeld baie goed ingekom. Die van u wat saam met hierdie CQ Boland egter 'n pienk rekening ontvang se ledegeld was op Vrydag 2 September nog uitstaande. Een van BARK se lede het 'n bedrag by ABSA se Brackenfell-Hyper tak inbetaal sonder om aan te dui van wie dit is. Verder het ek ook 'n banktjek ontvang, wat uitgemaak is deur die ABSA-tak te George, maar ek het nie 'n aanduiding van wie hierdie ledegeld is nie. Sal hierdie lede asseblief vir my laat weet wie hulle is sodat ek die nodige regstelling kan maak.

Gedurende Augustus was dit dan weer die jaarlikse Vuurtoringnaweek. BARK het hierdie jaar sy bedrywighede by L'Agulhas redelik afgeskaal en is ons stasie net deur Johan, ZS1RX verteenwoordig. Groot dank aan Johan vir die moeite wat hy gedoen het om wel ZS1BAK/L op die lug te plaas.

Op 10 November word die Groot Teleskoop by Sutherland amptelik geopen. 'n Groepie BARK-lede gaan dan aan die einde van Oktober weer 'n stasie onder die roepsein ZS1SALT vanaf Sutherland bedryf om hierdie gebeurtenis te vier. Verdere inligting sal metter tyd bekend gemaak word en die moontlikheid word tans ondersoek om op die Saterdag 'n besoek aan die SALT te reel. Amateurs sal dan welkom wees om by die stasie te kom kuier en deur die SALT begelei te word. So 'n besoek aan die teleskoop en natuurlik ook aan ons amateurstasie is beslis die moeite werd.

Groete van hok tot hok.

Rassie, ZS1YT

REDAKSIONEEL

Dankie aan Ean, Phil, Henry en Hennie vir hul bydrae. Dit maak my werk baie minder. Hou asb so aan. Soms sou dit goed gewees het as ons CQ Boland dukker kon maak, maar ongelukkig sal hy dan te duk wees vir die poskantoor.

O. ja dit is nie ‘n nuwe redakteur nie, dit is net ‘n nuwe roepsein.

Hoop julle geniet hierdie uitgawe.

Tot die volgende uitgawe.....

Johan, ZS1RX

BARK 40M KOMPETISIE

Deur Johan, ZS1RX

Op 24 Julie 2005 het Boland Amateurradioklub ‘n 40M kompetisie aangebied. Hier is die uitslag van die kompetiesie

1	ZS4JAN	2	ZS2ACP
3	ZS1B	4	ZS1DJ
5	ZS3OAR	6	ZS1WDK
7	ZR1EL	8	ZS6FX
9	ZR1SBM	10	ZR6MVK

Dankie aan al die Ou Kêrels wat deelgeneem het.

Saterdag 15 Oktober is dit die jaarlikse CQ Hou Koers. Dit is wanneer die Vootrekkers deur middel van amateurradio met mekaar gesels. Kom ons ondersteun hierdie geleentheid. Ek is die koordineerder vir Kaapland. Kontak my asb as u ‘n stasie gaan opsit vir die dag. My kontak besonderhede is in CQ Boland. Maak asb kontak met u plaaslikke Voortrekkers en bied u dienste aan. *Johan, ZS1RX*

KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Johan, ZS1RX

In hierdie uitgawe kyk ons weer na die bekende en algemene LM555 geintegreerde stroombaan (IC). Die LM555 word in baie stroombane aangewend en is ‘n baie veelsydige IC. Die LM555 is ook goedkoop.



In die stroombaan lansaan word die LM555 aangewend as ‘n a-stabiele multivibreerder. Dit beteken dat as ons ‘n kragtoevoer aan die stroombaan koppel en die sleutel druk, die IC ‘n ossilasie veroorsaak. Die komponente is so gekies dat hierdie stroombaan se ossilasies in die hoorbare klankspektrum val.

R1, R3, R4 en C2 bepaal die frekwensie van ossilasie. R4 verskaf frekwensie verstelling en dus vandaar die toonhoogte.

Hierdie stroombaan is ontwerp as ‘n morsekode ossilator om morsekode mee te oefen. Die stroombaan kan egter vir baie ander doele aangewend word. Enige plek waar u ‘n sein in die audio spektrum benodig kan u van hierdie stroombaan gebruik maak. Indien u die stroombaan as ‘n algemene ossilator wil gebruik kan u R2 en C1 uitlaat. Maak net seker dat u pen 4 en 8 aan die toevoerspanning verbind. R2 word dus gekortsluit.

Hierdie projek is vinnig om te bou en werk uitstekend. Daar is nie baie kanse vir foute maak nie.

Dankie aan THE ARRL HANDBOOK vir die stroombaan.

Bou dit en geniet dit

BARK VERGADERING VAN SATERDAG 17 SEPTEMBER 2005

Deur Johan, ZS1RX

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag 17 September op die plaas van Olivier, ZS1OLI te Agter Paarl. Die van u wat al daar gewees het weet hoe lekker dit daar is en die van u wat nog nie daar was nie mis sowaar uit.

Ek merk dat die getalle by ons vergaderings besig is om af te neem. Kom ons kyk of ons sommer ‘n groot bywoning by hierdie vergadering kan kry. Die koue van die winter sal dan hopelik verby wees. Gebruik die geleentheid om ‘n draai te ry in die pragtige Boland.

Manne gesels met die LV’s om solank alles reg te kry vir die lekker braai. LV’s gesels met die manne en sê vir hulle dit is tyd om weer ‘n lekker draai te ry in die Boland. Wat is nou lekkerder as ‘n lekker braaivleis saam met ou vriende.

As u hok te vol raak kan u dit wat u nie meer benodig nie saambring. Daar is altyd ‘n lekker kattebak verkoping. Ek kan nie waarborg dat u dalk met meer daar wegry as wat u saamgebring het nie.

As u van Kaapstad se rigting noord ry op die N1, neem u die Klapmuts/Wellington afrit. Dit is die R44. Die R44 raak later ‘n dubbel baan. **Hou aan tot by die Noord Agter Paarl Koelkamer**. Draai daar Links. Maak seker dar u tot by die koelkamers ry voordat u van die R44 afdraai. So ‘n kilometer verder sal u die afdraai links na die plaas vind. Die plaas se naam is Die Slot van die Paarl. U sal sommer gou die antennas sien. Volg die pad tot by die antennas.

Daar sal bystand wees op die 145.650 herhaler en 145.500 simpleks vir die van u wat onseker is van die roete.

Ek sien uit daarna om u en die LV daar te sien.

VIR ‘N VERVELIGE SONDAGMIDDAG

Doen die volgende stappe:

Konnekteer aan ZS0STB op pakket
G en “Enter”
2 en “Enter”
C ZS0BEL en “Enter”
HANGMAN en “Enter”

KORTGOLF IN DIE NAG

Deur Ean, ZS1PR

Ek werk op 'n gereelde basis hier in Gaboen met PORT GENTIL (op die kus sowat 80 km suid van die ewenaar) as my basis.

Ek het hierdie rit met 'n baie goeie ontvanger (Sony ICF-2001) hier aangekom en was aangenaam verras toe ek ontdek dat die nag uitsending van RSG in die 90 meter band [3,320 MHz] hier heel goed ontvang kan word.

Hier in Port Gentil is die sein goed maar lokale elektriese geraas baie hoog. Dit veroorsaak dat die ontvangs redelik onaangenaam op die oor is, maar ten minste kan ek die 6 (SA) uur oggend-nuus (ook die oordenking) en weer die aand nuus om 9 SA tyd goed verstaan. Sodra mens weg beweeg uit die dorp na bv. die Reenwoud waar ek die afgelope week was, is mens weg van die mensgemaakte geraas en is die ontvangs puik.

Die sein kom met sononder (plaaslik nou 18:15 - 19:15 SAST) reeds goed in en by 18:45 is die sein reeds baie sterk, net met die radio se ingeboude teleskopiese antenne.



As mens teen 19:45 plaaslik (ons is een uur "agter" SA) buite staan net met die radio se teleskopiese antenne uitgetrek is die sein "volskaal" en kry mens net af en toe 'n effense statiese krakie. Dit klink soos 'n plaaslike mediumgolf stasie en mens kan musiek heel lekker luister.

As vergelyking met ander Suider-Afrikaanse seine op 90 meter is die RSG-sein heelwat sterker as Transwereld Radio op 3,200 MHz. Wat my verbaas is dat die BBC op 3,255 MHz taamlik swak is. Ek was onder die indruk dat dit 'n besondere hoë-krag sender is, maar dit mag 'n funksie van die antenne-stelsel se orientasie wees.

Ek is regtig in my noppies met die moontlikheid om twee keer per dag die RSG nuus-bullitins te kan hoor en gaan beslis die inligting na ander Suid-Afrikaners in die geweste deurgee.

Ean het vir RSG laat weet dat hy hulle so goed ontvang en hier is Magdaleen Kruger se E-pos aan Ean:

Hallo Ean

Baie dankie vir jou e-pos. Dis gaaf om van jou te hoor en ons is bly dat jy daar in die vreemde darem nog na RSG kan luister. Sterkte vir jou & groete van ons hier by RSG.

Magdaleen

DIE W6AM RHOMBIC ANTENNA PLAAS AFGETAKEL

Deur Phil, ZS1PAN

Don C Wallace W6AM word op 25 Mei 1985 stil sleutel na bykans 75 jaar van Amateur radio aktiwiteite. Die W6AM rhombiese antenna plaas word in September 1986 afgetakel om die einde van 'n era aan te dui.

Die volgende hoogtepunte kon sekerlik in sy CV (curriculim vitae) gebruik word.

- In 1919 is hy die hoof radio-offisier aan boord die USS George Washington vir Pres. Wilson tydens die Versailles vredes konferensie.
- Hy ontvang een van die eerste WAS (worked all states) sertifikate.
- Hy wen 2 van die afdelings in die eerste ARRL geborgde CQDX kompetisie in 1927.
- In die 1920s en 1930s na 'n reeks natuurlike rampe, behou Don kommunikasie en stuur nood berigte ens. uit en ontvang 17 sertifikate vir hierdie noodverligtings werk.

In 1945 bekom Don 120 hektaar grond op die Palos Verdes skiereiland van Press Wireless en rig hy 16 rombiese antennas daar op, met die langste een wat 1550 voet beslaan. Die antennas gebruik 61 telefoon pale elk 80 voet hoog en 90 pale van 25 voet hoog om die bykans 52 myl draad en voerlyne te dra.



In 1956 behaal Don 'n merkwaardige doel wat elke DXer van droom. Hy behaal die nommer 1 posisie op die ARRL DXCC Honor Roll, en vir die res van sy amateur loopbaan bly hy bo of naby hierdie boonste sport. Hy word vereer deur insluiting by die "CQ DX hall of Fame". Hy verower vele bekers vir sy morsekode ontvangs en tot 1959 was hy die Weskus kampioen hierin. Gedurende sy loopbaan as radioamateur maak hy 500,000 kontakte en ontvang 100,000 QSL kaarte.

In 1962 verkoop hy 95 hektaar van sy eiendom. Op die oorblywende deel rig hy 10 pale van 140 voet elk op en span elk 6 voet vanaf die 140 tot 90 voet merk antennas op. Die rombic wat 5 voetbal velde in lengte beslaan het sou nou plek maak vir 11 amateurs met hul Yagis.

Don het voor sy dood gevra dat Jan Perkins N6AW die stasie vir 'n jaar sou bedryf en daarna sloop. Jan vertel dat dit werklik 'n droom was om dx te werk. Dit neem omtrent 3 maande om 5 band DXCC te bekom en 3 weke om 100 lande op 80 meter, en een aand op 160 meter het hy 50 Japanese stasies binne die bestek van 1 uur gewerk.

Die aftakeling van die antennas begin in Mei 1986 nadat die landgoed verkoop is. Amateurs het elke middag na werk ingespring en tot son-onder gewerk en naweke vanaf sonop tot sononder en teen September is die taak voltooi en die bykans 17 myl draad verwyder om die einde van 'n era te sluit.

APRS IN DIE WESKAAP

Deur Henry, ZS1AAZ.

Soos u weet staan APRS vir Automatic Packet Reporting System. Dit was ‘n naam wat die ontwerper daarvan, Bob Bruninga, aan die stelsel gegee het. Omdat dit ‘n manier is waar ‘n mens se posisie dmv ‘n GPS ontvanger bepaal word en dan in twee meter pakket formaat uitgesaai word, word die naam Automatic Position Reporting System ook daaraan gegee.

Verlede jaar het daar skielik groot entoesiasme vir APRS in die Weskaap ontstaan en 65 Tinytrak boustelle is verkoop. Ek dink amateurs het gedink dat dit ook vir pakket gebruik kan word, wat nie waar is nie. Baie van hulle het nie ‘n GPS besit nie en dis ook nie die ding wat ‘n mens gaan koop as jy nie baie geld het nie.

Die koste van GPS ontvangers het baie afgekom soos met baie ander dinge gebeur het. ‘n Trimble ontvanger wat verlede jaar R750 gekos het, is nou beskikbaar vir R402. Die spesifieke model waarvan ek praat, die Lassen SQ, is beskikbaar van ATS in Johannesburg, telefoon 011-3961085. Wanneer ‘n mens dit bestel, moet jy net spesifiseer dat dit NMEA data moet voorsien want dit kan verskillende soorte data voorsien.

Die Trimble is 28 by 28 by 4mm groot, ongeveer so groot soos ‘n groot posseël. Dit het nie ‘n skermpie nie.

Daar is ‘n tweede weergawe van die Tinytrack bordjie beskikbaar met plek vir beide die Tinytrack en die Trimble.

Die antenna het ‘n magneetbasis en kan onder ‘n motor se plastiek rooster versteek word waar dit goed werk.

As u ‘n Tinytrack boustel gekoop het en nooit iets daarmee gedoen het nie, is dit dalk die manier om dit te benut.

MORSEKODE EN DIE TITANIC

Deur Hennie, ZR1JR

Die nag van die 14de April 1912 om 12:45 het die Titanic in ‘n ysberg vas gevaar en was besig om te sink. Soos almal weet was die Titanic as onsinkbaar beskou.



Om 12:15 het Kaptein Smith die eerste radio offisiere opdrag gegee om n noodsein uit te stuur. Die radio-operateur was besig om morsekode telegramme namens die passasiers uit te stuur, die morsekode seine was swak weens voortplantings toestande. Die laaste kontak was met die Marconi radiostasie in Newfoundland. Die Kaptein het toe die koordinate van die skip aan die radio-operateur deur gegee.

Die radio-opperateurs: Eerste radio offisiere John George Phillips en sy assistent Harrold Bride het die Kaptein verbaas aangekyk.

In 1912 was daar nog nie nood frekwensies nie, en die skepe het op een kanaal gewerk. Indien n nood situasie sou ontstaan het die skepe die kode CQD gebruik. Die naaste skip aan die Titanic was die Californian wat tien myl verder was. Die nagwag op die Californian het die Kaptein verwittig dat daar n probleem op die Titanic kon wees. Daar is met n morselamp seine na die Titanic gestuur om uit te vind wat die probleem was. Die terugflitse was deurmekaar, en toe die lugfakkels afgaan was die kaptein van die Californian onder die indruk dat die passasiers op die Titanic partytjie hou.

In die radio kamer van die Titanic het die operateurs vir die eerste keer in die geskiedenis, die opdrag gekry om n S.O.S te stuur sodat radio amateurs oor die wêreld die noodroep kon hoor.

Om 01:45 smeek operateur Phillips die Carpathia om te kom help. Die Carpathia was die enigste skip wat die morsekode boodskappe kon ontsyfer.

Die res is geskiedenis.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG 11 JUNIE 2005

Deur Johan, ZS1RX

Joe, ZS1AAB

Soos altyd was BARK se vergadering 'n lekker sosiale byeenkoms. Baie dankie aan oom Joe, ZS1AAB en sy mense wat die geleentheid gereel het. Die vergadering was by die bootklub lans die Brandvleidam naby Worcester. Watter pragtige Boland-oggend was dit nie. Rassie en Karl het gesorg vir die amptelike dinge. So skuins na 12 uur het die vergadering verdaag. Oom Joe het 'n kampeer-mandjie geskenk om uitgeloot te word om BARK se fondse te verbeter. Baie dankie hiervoor oom Joe. Die mandjie is deur ZR1KAT gewen. Baie geluk aan hom. Dit was ook die jaarlikse algemene jaarvergadering en tyd om 'n nuwe bestuur te kies. Die ou bestuur is herkies met ZR1SIM as 'n adisionele lid. Daarna was daar 'n ernstige kattebak verkope/ruil/weggee. Die braaivleis vure was gou aan die gang. So teen drie uur het die byeenkoms "verdaag".

Die volgende 42 persone het die teenwoordigheidslys geteken.

AMBROSE, TOM ZS1TA
BASSON, ABE ZS1OZ
CANITZ, KARL ZS1KC
CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
CONRADIE, PHILIP ZS1CON
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1FDV
DE VILLIES, JEAN-PIERRE ZR1JPD
DE WIT, CHRIS ZR1WC
DRY, E.J. ZR1EJD
EKSTEEN, FRED ZR1KAT
ERASMUS, RASSIE ZS1YT
FOURIE, THYS ZR1WV
HAARHOF, BENNIE ZR1JHD
HAARHOF, JOE ZS1AAB
HEYDENRYCH, DEON ZS1G
JACOBS, PIETER ZS1UH
JANSE VAN RENSBURG, REINETTE
JENDRISSEK, PETER ZS1JX
LE ROUX, ALMA
LE ROUX, JOHAN ZR1AEZ
LE ROUX, JOHAN ZSIRX
McEWEN, TONY ZR1T
MCKENZIE, CAROL
MCKENZIE, MAC ZR1ACZ
MEINTJIES, ANDRE ZR1AM
OPPERMAN, FREDA
OPPERMAN, OPPIE ZS1OP
ROBB, FRANK ZR1HR
ROSENZWEIG, LOUIS ZS1OE
SADIE, BENNA ZR1BEN
SCHEEPERS, BOB ZS1BOB
SIMON, ETIENNE ZR1ELS
SNYMAN, ANNABELLE
SNYMAN, SIMON ZR1SIM
VAN HEERDEN, LOUIS ZS1LVH
VAN RENSBURG, HENNIE ZR1JR
VAN RHYN, WILLIE ZR1WVR
VAN STADEN, OLIVIER ZS10LI

VAN ZYL, ANDRE ZR1ABQ
VAN ZYL, BETSIE
VAN ZYL, RENE ZS1VR
WILMOT, DANIE ZR1DJW
WILMOT, JAMES ZR1JMS

VUURTORINGS OP DIE LUG 2005

Deur Johan, ZS1RX

Vanjaar het BARK weereens, soos die afgelope paar jaar, 'n stasie opgerig by Agulhas vuurtoring. Dit is nou vir die "internasionale vuurtorings op die lug naweek".

Vrydag-oggend 19 Augustus vat ek en Andre die pad na die mees suidelikste punt van Afrika. U sal Andre onthou van vorige BARK ekspidisies as die kêrel wat sorg dat ons magies vol is.

Vanjaar se beplanning het so effens skipbreuk gely (en dit was nou nie by Agulhas nie) en die ander manne van die gereelde span het almal iets ander gehad om te doen. Gelukkig was Andre darem beskikbaar. Onthou hy is die belangrikste persoon op se 'n naweek. Geen radio kan werk op 'n lee maag nie.

Die stasie ZS1BAK\L soos gesien vanaf die Agulhas vuurtoring

Vrydag-middag waai daar 'n wind van 90 KM/U op Agulhas. Ons is al gewoond aan die wind daar en dit is 'n uitsondering as hy nie waai nie. Ek het 'n mas wat uit pype wat in mekaar druk bestaan saamgeneem. Die antenna was 'n multi-dipool vir 80, 40 en 20. Om 16:34 maak ek die eerste kontak met Johan, ZS1DJA.

Ons verblyf was uitstekend. Die vuurtoringwagter, Peter Saaise, het aangebied dat ons sy huis kan gebruik. Hy was ‘n aflos en die huis was so te sê leeg. Hy het net een kamer gebruik as slaapkamer. Ons het die sitkamer gebruik as stasie. Van hier het ons ‘n pragtige uitsig op die vuurtoring en omgewing gehad.

Die geraasvlak was laag en die raporte goed. Ek het met ‘n Icom IC-751 gewerk en geen versterker gebruik nie. Die antenna het pragtig geresoneer op al die bande en die naald wat die SWR aandui het skaars beweeg. Soms het die Ou Kêrels geraporteer dat ek nog die enigste vuurtoring is wat op die lug is wat hulle kan kry op die bande om mee te werk. So iets het reg gewerk.

Saterdag-oggend het ‘n pragtige sonsopkoms gehad en dit het ‘n pragtige dag uitgedraai met so ‘n klein tydjie dat daar selfs op Agulhas geen wind was nie.

Later die oggend skakel ons die stasie af en gaan help die Springbokke om te wen teen Australië. As dit nie vir ons aanmoediging was nie het hulle sekerlik verloor.

Agulhas vuurtoring in die laatmiddagson. Die foto is geneem vanaf die stasie ZS1BAK\L

Okko, ZR1OKO en sy vriendin kom kuier en hy help om die stasie te beman. Hulle het daar naby gebly en ook Saterdag-aand en Sondag-oggend kom kuier.

Andre het homself goed van sy taak gewyt. Hy is enige dieetkundige se nagmerrie. Die te ete vir die naweek was uitstekend.

Sondag-oggend skuins voor twaalf begin ons om die stasie op te breek en in te pak. Die wind was weereens stormsterk. Gelukkig het Andre terug bestuur, want ek is seker my oë het plek-plek lans die pad toegeval.

Ek het ‘n logboek vir die naweek gemaak met 10 bladsye en dit vol gemaak. Dit was meer kontakte as waarvoor ek beplan het.

Voorwaar ‘n lekker naweek.....

☆

DIE EERSTE LUGKAPING

Deur Phil, ZS1PAN

Op 29 Julie 1942 naby die kus van Italië vind die wêreld se eerste lugkaping plaas, en wel deur 'n Suid-afrikaanse vlienier Kapt Ted Strevers. Sy bemanning van 'n Beaufort torpedo bomwerper was Bill Dunsmore - Britse navigator, Ray Brown – radio bediener en John Wilkinson boordskutter(airgunner) albei van New Zealand.

Die vliegtuig waarin Strever en sy bemanning die vorige dag patrollie gedoen het is deur Italiaanse soldate neergeskiet, en nou vind hul hulself as gevangenes in 'n Duitse 3 motorige seevliegtuig op pad na 'n krygsgevangenge kamp in Taranto. Maar die viertal het ander planne gehad en om 10:20, 800m bo seespieel en binne 30 minute vliegtyd vanaf die kus oorrompel hul eers die Duitse wag en daarna die tegnikus, radio bediener en die vlienier wat ook gewapen was en beveel die tweede vlienier om na die kus te vlieg. Toe dit sigbaar is word hy verplig om langs die kuslyn af te vlieg tot hul die suidpunt van Sicily bereik. Vanaf Passero in Sicily is die vlienier beveel om te daal na 8m bo seespieel en 220 grade vanaf Passero rigting na Malta in te slaan. Die 8m hoogte bo seespieel is gedoen om die Italiaanse radar te ontwyk.

Hierdie fase van die ontsnapping het goed verloop maar die gevaarlikste deel het nog voor gelê - die Spitfire vliegtuie wat Malta verdedig.

Skaars kom die eiland in sig of hulle word deur 4 Spitfires aangeval. Die Duitse vlieenier word deurgebare aangesê om spoed te verminder en in die see te land. Toe hy te stadig reageer word 'n sarsie masjiengeweer vuur van 2 van die vliegtuie afgevuur wat rakelings die vlerke mis terwyl die vliegtuig vinniger neerdaal see toe. Die navigator het intussen sy wit onderhemp uitgetrek en dit deur 'n bo-luik laat uitwapper as internasionale teken van oorgawe. Toe die derde vliegtuig sy aanloop begin skree Strever "stuurboord" en toe hul draai tref die koëls die linker vlerk, die motore gaan staan sonder brandstof en die vliegtuig plons in die water, en dryf in die kalm seewater 5 kilometer vanaf die eiland. Die vierde spitfire het die onderhemp opgemerk en begin sirkel en na 'n berig aan basis word 'n reddingsboot uitgestuur om die kapers en hul "gevangenes" en die vliegtuig in te sleep na St Pauls bay waar hulle onder luide gejuig verwelkom word. Die twee offisiere word elk die D.F.C. en die twee sersante elk die D.F.M. toegeken tydens 'n parade wat later gehou word.

Op 29 julie 1990 ontmoet die enigste oorlewendes van hierdie bemanning mekaar vir die eerste maal in 48 jaar toe Brown in Haenertsburg naby Tzaneen aankom waar Strever woon sedert hy uit die Lugmag afgetree het. Brown wat spesiaal hierheen gekom het om die kaping te gedenk was op sy eerste besoek aan Suid Afrika en was baie beindruk met die gasvryheid en hierdie mooi land.

BARK FOTOALBUM

Rosalie, die
LV van James
ZS1JMS

Henk, ZS1ACD



Fred, ZR1KAT

Clyde, ZS1CS

Kobus, ZS1KVR

Andre, ZR1EL

Van:

Boland Amateurradioklub
Posbus 2105
Dennesig
Stellenbosch
7601